

DRIE VIR DIE VAKANSIE



Lang broek,
kort broek
en bra,
ideaal
vir die
buitelewe



GESTREEPTE LANG BROEK

BENODIGDHEDE: 2,50m gestreepte materiaal van 70-80 cm breed; 70 cm rek, 1,5 cm breed; bruin papier vir aftrek van patroon; wit materiaal vir omboor van sakke.

AANWYSINGS: Volg die aanwysings op die diagramme en maak jou eie patroon op bruin papier vir 'n halwe voorpant, halwe agterpant en sak. Daar is 1 cm bygereken vir nate en some.

Vou die materiaal dubbel en knip die voorpant en agterpant uit. Knip 4 sakpante. Sorg dat twee-twee eners is. Vir omboor van sakke, knip twee skuins stroke van 18 cm lank en 7 cm breed.

Sakke: Met regte kante teen mekaar, stik die wit materiaal aan onderste rand van sakopening vas. Vou wit materiaal na verkeerde kant om en werk dit aan skuins kant van binnesak vas.

Hou binnekant van sak aan verkeerde kant en werk aan borand van sakopening vas. Werk die synaat van 2 sakke al langs syrand aanmekaar en ryg die buiterande aan synaat van broek vas sodat sak vasgevang sal word wanneer synaat van broek gestik word.

Stik synate van broek, dan kruis- en binnebeennate. Maak 'n breë soom aan bokant deur materiaal na verkeerde kant om te vou en vas te stik. Ryg rek deur.

Werk albei rande van die reksoom af. Soom broekspye om.

KORT BROEK

BENODIGDHEDE: 1,40 m effekleurige materiaal van 70-80 cm breed; klein stuk wit materiaal vir omboorsel; 35 cm rek van 2 cm breed; 4 knope, oorgetrek met dieselfde wit materiaal; bruin papier vir aftrek van patroon.

AANWYSINGS: Volg die aanwysings op diagramme en maak jou eie patroon op papier vir 'n halwe voorpant, halwe agterpant, sak en strook vir belegsels van voorste opening. Daar is 1 cm bygereken vir nate en some, asook 3 cm vir omslag van broekspye.

Sakke: Knip 2 wit stroke vir die omboor van sakke, 20 cm lank en 2 cm breed, vou dit in die helfte, verkeerde kant teen verkeerde kant, en plaas dit aan verkeerde kant van skuins rand van elke voorpant sodat slegs 'n paar mm uitsteek; die skuins rand moet eers 1 cm omgevou word na verkeerde kant.

Plaas sakke met verkeerde kant teen

Die nuwe
verbeterde
Aartappel.

Arotappel.



Die sprinkel-geursel wat gewone kos
omskep in koningskos.
Aromat is ook beskikbaar in 'n ekonomiese hervul-sakkie.



Die smaakmakers

Knorr

G.P.B. M & B 66745

voorpante en ryg langs sykante en by middel.
Stik daarna rondom sakrand aan verkeerde
kant, vou rande om na binnekant (voor-
gestel deur stippellyn op diagram). Stik die
sy-, binnebeen- en kruisnate tot by voorste
opening. Vou die rand van die linkervoerpant
van opening na binne om, gelyk met kruis-
naat, en stik die belegsels, dubbel gevou,
daaronder vas. Knip 3 knoopsgate, eweredig
gespasieer, in die belegsels.

Stik die belegsels. Volg die stippellyne soos
op diagram aangedui. Vou rand van reg-
tervoerpant om sodat 1,5 cm by kruisnaat
verbystek om ooreen te stem met belegsels
aan linkerkant.

Soom borand breed om en stik bostiksel
met naaimasjien. Werk rek soos volg in:
Speld 'n stuk rek van 15 cm, uitgerek, aan
die middelste 28 cm van agterpantsoom en
stik dit vas. Op elke voerpant, begin vanaf
sak (ongeveer 10 cm van middel van voor-
kant af), en stik 'n stuk rek van 7 cm lank
stewig vas. Maak die laaste knoopsgat by
middel. Werk knope aan. Vou 3 cm om vir
broekspypsoom en stik.

Vou rand by middel oor rek en stik vas.



INGEPLOOIDE BRA

BENODIGDHEDE: 20 cm gestreepte
materiaal van 70-80 cm breed. Die diagram
kan vergroot word op die materiaal sonder
'n afsonderlike papierpatroon.

AANWYSINGS: Knip 2 reghoeke van 22 x
18 cm (2 cm is bygereken vir voue en some).

Soom eerstens oor die lang rande, daarna
die kortes. Die skouerband is aaneen en
strek agter oor nek, daarna deur buissome

KORT BROEK





aan kort kante van bra, en word dan by die
rug met 'n strik vasgebind.

Om die band te maak, knip 'n stuk
materiaal van 150 cm lank en 3 cm breed.
Vou dit in die helfte en stik vas met masjien
oor een lang kant en albei kortes (afgewerkte
breedte: 8 mm). Ryg nog 'n band deur die
twee buissome aan voorkant, 32 cm lank en
4 mm breed (afgewerkte afmetings), trek dit
styf en knoop vas.

BRA

Halwe bra



Die nuwe
verbeterde
Hoender.

Arohoender.



Die sprinkel-geursel wat gewone kos
omskep in koningskos.

Aromat is ook beskikbaar in 'n ekonomiese hervul-sakkie.



Die smaakmakers

Knorr

G.P.B. M & B 66746